

Resensies / Reviews

- Verhoef, P.A. 1993. **Profete en profesie.** Kaapstad : Lux Verbi. 135 p. ISBN 086997 4327. Prys: R50,68.
 (*E.J. Smit*) 493
- Hofmeyr, J.W. & Pillay, G.J. 1994. **A History of Christianity in South Africa.** Pretoria : HAUM Tertiary. Prys: R79,99.
 (*J.M. Vorster*) 495
- Garland, David, E. 1993. **Reading Matthew. A Literary and Theological Commentary on the First Gospel.** New York : Crossroad. 269 p.
 (*J.P. Bingle*) 496
- Burger, C.W., Müller, B.A. & Smit, D.J. reds. **Riglyne vir die prediking oor die Pastorale Briewe.** (Woord teen die lig 11/6.) Kaapstad : Lux Verbi. 207 pp. ISBN 086987 4322. Prys: R58,50.
 (*J.M. Vorster*) 498
- Aquinas, St. Thomas. **Summa Theologiae: A Concise Translation.** London : Eyre & Spottiswood. Edited by Timothy McDermott. 1989. 651 p. Prys: onbekend.
 (*J.H. van Wyk*) 499
- Smit, E.J. 1991. **Jou God is koning! 21 Skrifoordeenkings.** Potchefstroom : Departement Sentrale Publikasies, PU vir CHO. 85 p. Prys: R9,33.
 (*S.J. van der Walt*) 500
- Du Preez, J. 1992. **Eschatology and Ecology: Perspectives from the Book of Revelation.** Pretoria : ISWEN. 32 p. Prys: R10.
 (*J.H. van Wyk*) 501
- Smith, Thys red. 1992. **Genade vir die nederiges. 'n Preekbundel.** Kaapstad : Lux Verbi. 93 p. Prys: 26,40 (sagteband)
 (*Koos van Rooy*) 501

Resensies / Reviews

VERHOEF, P.A. 1993. **Profete en profesie.** Kaapstad : Lux Verbi. 135 p.
ISBN 0 86997 432 7. Prys: R50.68.

Resensent: *E.J. Smit* (Dept. Bybelkunde, PU vir CHO)

Hierdie werk van die bekende (tans afgetrede) Stellenbosse Ou-Testamentikus, bevat 'n onmisbare skat van gewens oor die profete en die profetiese prediking van die Bybel. Veral twee kenmerke stempel die boek, naamlik die styl en die metodologiese uitgangspunt.

Die skrywer skryf in 'n gemaklike en vloeiende styl. Die boek is nie so akademies geskryf dat dit net vir die vakman toeganklik is nie, maar tog is dit wetenskaplik goed verantwoord, en dit verwys in die literatuurlys van 4½ bladsye na ondersoeke wat selfs baie onlangs gedoen is.

Wat sy metodologiese uitgangspunt betref, stel die skrywer dit onomwonde dat hy nie 'ekskuus vra' vir 'n Bybels-teologiese benadering naas die histories-beskrywende metode nie. Laasgenoemde metode, sê hy, kom 'n dimensie kort "wat agter en anderkant die historiese en sosiologiese gewens lê, en wat alleen in die lig van die heilsbedoeling van die Skrif en van die geloof beoordeel kan word" (p. 12).

Die boek val uiteen in vier kernhoofstukke wat agtereenvolgens handel oor profete en profesie buite Israel (1); die ware profete in die Ou Testament (2); die 'vals' profete (3); en profete en profesie by die latere Jode en in die Nuwe Testament (4); terwyl daar dan 'n hoofstuk volg met enkele slotopmerkings.

'n Winspunt van Verhoef se behandeling van die profesie buite Israel is die byvoeging van die oorsig oor die profesie in die Griekse wêreld, wat gewoonlik in soortgelyke behandelings nie aan die orde kom nie. Uiteraard word dit, net soos in die geval van die ou Nabye Ooste in die algemeen, net in hooftrekke bespreek. Die Mari-briewe kry meer aandag, en 'n reeks verskille en ooreenkomste met die profesie van Israel word opgenoem.

In die hoofstuk oor die ware profete van Israel word aandag gegee aan indiwiduele profete, groepsprofete en die sogenaamde Skrifprofete. By die behandeling van die prediking van die Skrifprofete (p. 65-84) is dit opvallend dat die uitsprake van die profete oor die valse benadering tot die offerdiens nie benadruk word nie. In die bespreking van die Messiasverkondiging van die profete wys Verhoef op die onderskeiding tussen (1) die Persoon en tyd van die Messias, (2) die verskeidenheid Heilandsgestaltes, en (3) die Messiasverwagting en heilsver-

wagting (p. 74). Hy onderskei ook tussen “direk-Messiaanse” en “indirek-Messiaanse” gedeeltes. Die bevrydende by hierdie bespreking is die opmerking “dat Christus nie net in 'n aantal sogenaamde messiaanse tekste verkondig word nie. Die hele Ou Testament is 'n verkondiging van God wat op weg is met sy volk en met die wêreld, en in die lig van die Nuwe Testament weet ons dat daardie weg van heil in Christus ontsluit word ...” (p. 77).

'n Belangrike hoofstuk in die boek, is dié oor die ‘vals’ profete. Naas 'n aantal uitsprake in die Ou Testament self oor die ‘vals’ profete (Amos 7, Hosea, Jesaja Miga, Sefanja, Jeremia, Esegïël, Klaagliedere en Sagaria), gee Verhoef 'n beoordeling wat lei tot dié samevatting:

... die vals profete het nie met God se oordele en straf rekening gehou nie en hulle resloos gewerp op die *securitas*, die sekerhede van die verbondsteologie. Die ware profete het die geldigheid van die verbondsteologie erken en het elke keer self gewens dat dit in die konkrete situasie van Israel se krisis toegepas sou kon word ... Hulle het egter besef dat God se waarheid, dus ook die sekerhede van die verbondsteologie, sy eie *kaïros*, sy eie uur het. Israel se sondes het die ware profete gerigstyp gemaak, en daarom was die uur van die waarheid vir hulle 'n oproep tot bekering, 'n aankondiging van God se oordeel (p. 100).

Die boek verkry 'n interessante dimensie met die byvoeging van die hoofstuk oor die profesie by die latere Jodendom en die Nuwe Testament. Die vraag of die profesie tot 'n einde gekom het in die vyfde eeu v.C., word deur Verhoef negatief beantwoord met verwysing na die profesie in die (Joodse) apokaliptiese literatuur, die eskatologiese profesie (verskillende ‘profete’ of ‘messiasse’), die priesterlike profesie (die profeterende priester, bv. Kajafas en Josephus), en die wysheidsprofete (bv. Filo, die filosoof). Die kenmerke van hierdie profesie, naamlik die charismatiese eksegetiese-metode, die inspirasie deur die inbesitneming deur die Heilige Gees, en die verband van die uitsprake met die histories-politiese situasie van die Joodse staat, word deur Verhoef aangedui as duidelike kenmerke van die Nuwe-Testamentiese profesie.

By die Nuwe-Testamentiese profesie is dit veral Johannes die Doper, Jesus en Paulus wat die aandag ontvang, terwyl 'n kort bespreking gewy word aan die profete wat by name in Handeling genoem word. 'n Belangrike gesigspunt wat hier na vore kom, is dat die gemeente, die hele kerk, en al die gelowiges die profetiese taak het om God se reddende genade te verkondig, maar dat enkelinge of groepe ook in besondere sin profete genoem kan word. Verhoef toon aan dat Paulus veral die afwykende beskouing van profesie in die gemeente van Korinte regstel. Die boek Openbaring bied 'n voorbeeld van die ‘Christelike profesie’, en die apokaliptiek van die boek tas die profetiese inhoud van die boek nie aan nie.

Verhoef toon aan dat hoewel die ‘Didagé’ en die ‘Pastor van Hermas’ nog getuig van die voorkoms van profesie in die vroeë kerk, die profesie in die tweede eeu

verdwyn het as gevolg van die groter plek van die amptelike bediening, die nadruk op die apostoliese leer, en die negatiewe optredes van vals profete in die kerk.

Hoewel klein van omvang, bied hierdie werk van Verhoef 'n duidelike beeld van die profesie as verskynsel, die kern waarom dit in die profesie gegaan het deur die eeue van God se openbaring aan sy volk, en hoe die profesie veral in krisistye die gedagtes en optrede van die volk van God gelei het en rigting daaraan gegee het. Die skrywer gaan op grond van sy 'Bybels-teologiese' uitgangspunt nie op kritiese standpunte in nie, en sekere nuwere ontwikkelings word ook nie in die werk weerspieël nie – byvoorbeeld oor die ontstaan van profetiese boeke deur 'skrywende' profete eerder as deur 'profeterende' profete. Dié werk van Verhoef bly nietemin 'n waardevolle oorsig oor die gestalte van die profeet en die profetiese werksaamheid veral in die Bybelse tyd.

HOFMEYR J.W. & PILLAY G.J. 1994. A History of Christianity in South Africa. Pretoria: HAUM Tertiary. R79.99.

Resensent: *J.M. Vorster* (Dept. Dogmatologie/Ekklesiologie,
HTS/PU vir CHO)

Die beskrywing van die geskiedenis van die Christendom in Suid-Afrika tot dusver bied nie 'n geheeloorsig waarin sekulêre, sosiologiese en politieke invloede op kerke in geheel aangedui word nie. Die waardevolle boeke oor die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis wat oor die jare die lig gesien het, fokus meestal op een kerk of tradisie. 'n Omvattende perspektief het daarom in die Suid-Afrikaanse beoefening van Kerkgeskiedenis (nog) nie ontwikkel nie.

In hierdie versamelwerk beskrywe verskeie bekende kerkhistorici vanuit 'n ekumeniese hoek die ontwikkeling van die Christendom in Suid-Afrika. Dit op sigself maak die publikasie baie waardevol. Vanuit verskillende perspektiewe word die onderskeie kerklike tradisies volgens hulle eie aard maar ook op grond van hulle onvermydelike samehang met mekaar behandel. Die behandeling is oor die algemeen van hoë wetenskaplike gehalte en die feitemateriaal wat aangebied word, is getrou en goed gedokumenteer.

Historiografie kan nie werklik objektief beoefen word nie, omdat elkeen skrywe onder invloed van sy eie tradisie. So 'n versamelwerk waarvan die feitemateriaal goed georganiseer is, oorkom in 'n groot mate die probleem van subjektiwiteit. As uitgangspunt vir die periodisering word belangrike staatkundig-politiese gebeurtenisse gebruik. Dit is 'n geldige metode, hoewel ander moontlikhede ook geldig is. Dit sou goed gewees het as die boek in die inleidende hoofstuk meer

kon sê oor die vraagstuk van periodisering in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis.

Meer aandag kon ook gegee gewees het aan die belangrike invloede van leer- geskille op kerke in Suid-Afrika. Benewens die stryd om die leerstelling van Colenso word min verdere aandag aan sodanige gebeurtenisse gegee. Waar 'n tweede deel van hierdie publikasie in die vooruitsig gestel word, kan 'n hoofstuk oor dogmahistoriese temas in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis afgestaan word. Die laaste hoofstuk wat die ontwikkeling van die Christendom sedert 1948 behandel, lê te veel klem op die invloed van, en stryd teen apartheid. Hoewel die belangrike implikasies van die stelsel vir kerke nooit onderskat moet word nie, het die moderne geskiedenis uit meer bestaan as net die ondersteuning vir of die stryd teen apartheid. Die tendens om Afrikaanse kerke as pro-apartheid voor te stel is nie histories korrek nie en is 'n ooreenvoudiging van 'n ingewikkelde periode.

Benewens hierdie leemtes moet die publikasie hoog aangeprys word. Die boek open die weg van ekumeniese geskiedskrywing in Suid-Afrika en vul sodoende 'n groot leemte. Met die geheeloorsig kom die leser opnuut onder die indruk van die wyse waarop God sy kerk in hierdie land bewaar en vermeerder het, ondanks baie gebeurtenisse wat negatief daarop ingewerk het. Elke teoloog, predikant en student in die teologie behoort die boek te bestudeer.

GARLAND, DAVID E. 1993. *Reading Matthew. A Literary and Theological Commentary on the First Gospel.* New York: Crossroad 269 p

Resensent: J.P. Bingle (Gereformeerde Kerk Middelburg Tvl.)

- Ter **inleiding** moet in gedagte gehou word dat *Reading Matthew* 'n publikasie is wat deel vorm van 'n reeks wat bekend is as die *Reading the New Testament Series*. Drie ander dele in dié reeks het reeds die lig gesien (al drie deur Charles H. Talbert): *Reading Corinthians*, *Reading John*, *Reading Luke*. Die oogmerk met hierdie reeks is om 'n kommentaarreeks uit te gee wat die hele Nuwe Testament dek.
- Die **srywer**, David E. Garland, is professor in Nuwe-Testamentiese Wetenskap aan The Southern Baptist Theological Seminary in Louisville, Kentucky. Hy is ook die srywer van *The Intension of Matthew 23* (Supplements to Novum Testamentum LII) en *One Hundred Years of the Study of the Passion*.
- Garland se **vertrekpunt** van waaruit hy die studie van die eerste evangelieverhaal onderneem, word nêrens eksplisiet deur hom gestel nie. Dit is egter uit die neerslag van sy diepgaande studie wat in die publikasie weergegee is,

duidelik dat hy nie die gesag van die Skrif betwyfel of huiwer om die geskrewe teks as kanon te aanvaar nie. Hy aanvaar 'n tweebron-hipotese (Markus en Q; p. 3), maar stel dit bloot en spekulêr nie oor die bronne nie. Die Matteus-tekst is die bron van studie.

- ♦ In die reeks kommentare stel die skrywers dit as hul **doelwit** om groter gedagte-eenhede te verstaan en wil hulle vasstel hoe dit geïntegreer is in die bedoeling van die Bybelboekskrywer. Dit is dus nie 'n woord-vir-woord-, vers-vir-vers- of frase-vir-frase-verklaringsmetode nie. Daar word gepoog om vas te stel hoe die skrywer sy boodskap kommunikeer en wat die sogenaamde religieuse fokuspunt van die teks is. Die teks se *hoe* en *wat* word verder gelees teen die milieu van die verskillende kultuurwêreldes van die Nuwe Testament (Christelik, Joods, Grieks-Romeins) om sodoende deur te dring tot die betekenis. Die doel is – saamgevat – om 'n 'openbarings-historiese eksegesi' te stimuleer. Die teikengroep wat deur die studie 'getref' moet word, is gevorderde voorgraadse studente, dosente, akademies-opgeleide predikante/pastore en gegraduatees.
- ♦ Ten opsigte van die **opset en inhoud** van dié publikasie kan die volgende aangemerkt word. Die boek is voorsien van 'n *Introduction* waarin die skrywer die besondere kanoniek van die Matteus-evangelie aan die orde stel. Die volgende sake word sonder opskrifte of nommering behandel: die oorsprong, skrywer en uitgangspunt; die geadresseerdes; die tyd en plek van ontstaan; bronne-hipotese; die doel van die skrywer; die struktuur van die boek.

Die evangelie volgens die beskrywing van Matteus word deur Garland in drie hoofde ingedeel. Die vyfvoudige indeling wat gewoonlik gemaak word volgens die voorstanders van die redevoeringsanalise is vir die skrywer nie aanvaarbaar nie, aangesien dit die geboorte-, dood- en opstandingsgebeure onderskeidelik in 'n proloog en epiloog laat teregkom. Hierdie indelingswyse laat egter nie reg geskied aan die geboorte-, dood- en opstandingsgebeure nie.

Die driedeling wat in Garland se publikasie gevolg word, is die volgende:

- Hoofstuk 1:1-4:16 – Bekendstelling van Jesus die Messias, die Seun van God.
- Hoofstuk 4:17-16:20 – “Jesus’ ministry to Israel”.
- Hoofstuk 16:21-28:20 – Jesus se lyde en opstanding.
- ♦ *Linke kritiese opmerkings* oor hierdie publikasie:
Negatief
 - Die indeling van die stof deur gebruikmaking van syfers en letters – boonop sonder konsekwente spasiëring – maak dit moeilik om ontledend te lees. Dit gebeur soms dat onder een punt twee stelle eners

simbole gebruik word (bv. a-c en dan weer a-d; p. 15-20). Dit doen afbreuk aan 'n werk van hoogstaande wetenskaplike gehalte as die tegniese versorging inkonsekwent is.

- Die kommentaar sal – omdat dit nie detaileksegese van elke vers bied nie – soms tekortskiet as vinnige naslaanwerk.
- Die grootste waarde van die werk is daarin geleë dat die behandeling van die evangeliemateriaal openbaringshistories geskied. Nie net slaag die skrywer uitnemend daarin om met prikkelende verbandleggings die eenheid van die evangelie uit te lig en te laat funksioneer in die verstaan van Matteus nie; – die verbandlegging is na die hele Skrifopenbaring – 'n werkswyse wat besondere perspektiewe open.
- Die neerslag van die deeglike studiewerk wat agter die kommentaar lê, maak daarvan 'n gesaghebbende publikasie oor die eerste evangelie.
- Hierdie werk word van harte aanbeveel. Vir 'n openbaringshistoriese verklaring van die evangelieverhaal soos deur Matteus verwoord, is Garland se benadering prikkelend en 'n sleutel om verdere perspektiewe deur eie denke te open.

Indien *Reading Matthew* 'n aanduiding is van die standaard van die reeks *Reading the New Testament*, kan die hele reeks funksioneel wees in die studeerkamer van die lewenslange student van die Bybel. Dit kan naas ander (veral detail-) kommentare op die rak noodsaaklik geag word vir die prediker wat dit erns maak met die onmiddellike maar ook breë *historia revelationes*.

BURGER, C.W., MÜLLER, B.A. & SMIT, D.J. reds. 1993. Riglyne vir prediking oor die Pastorale Briewe. (Woord teen die lig 11/6) Kaapstad Lux Verbi. 207 pp. ISBN 086987422 Prys R58,50

Resensent: *J.M. Vorster* (Dept. Dogmatologie/Ekklesiologie, HTS/PU vir CHO)

In die reeks “Woord teen die lig” het reeds verskeie bundels verskyn met riglyne vir die prediking waarin aan verskillende temas aandag gegee is. In die betrokke bundel (reeks 11, nommer 6) word perikope uit die Pastorale Briewe behandel. B.A. Müller lei die bundel in met 'n kort, maar tog deeglike artikel oor die prediking van die Pastorale Briewe waarin hy wys op die aksente en betekenis van die prediking van die briewe vandag. Insiggewend en tersake is sy stelling dat die Pastorale Briewe handel oor die kerk in diens van die apostolaat. In hierdie opsig kan die prediking van die briewe bydra tot 'n hernuwing in die ekklesiologie. Die ‘verengde ekklesiologie’ stel die kerk self in die sentrum terwyl die kerk in diens van die apostolaat, volgens hom, in die briewe beklemtoon word.

Hierdie stelling is belangrik en Müller se pleidooi dat die dinamika, soos gestel in die Pastorale Briewe, in die prediking benadruk moet word, verdien instemming.

Die verskillende perikope wat behandel word, word eksegeties, hermeneuties en homileties aangepak. Hoewel sommige artikels meer geslaagd is as ander, is die bydraes oor die algemeen waardevol. Die artikels spreek van 'n gesonde hermeneutiese benadering in die sin dat die besondere dele in die lig van die volle openbaring benader word. Voorts is die eksegetiese lyne duidelik uiteengesit met toepaslike homiletiese toespitsing.

Hierdie bundel bied nie detaileksegese nie. Dit is egter ook nie daarvoor bedoel nie, maar kan nuttig wees om saam met kommentare wat detaileksegese verskaf, gebruik te word. In 'n tyd waarin die prediking maklik verskraal word ten gunste van moralisme en spirituele beleving is hierdie reeks 'n welkome en suksesvolle poging om egte Skrifprediking te stimuleer. Elke predikant en student in die teologie sal baie waarde put uit die boek. Die skryfstyl is van so 'n aard dat lidmate dit ook met groot vrug vir Bybelstudie kan gebruik.

AQUINAS, ST. THOMAS. *Summa Theologiae: A Concise Translation.*

London Eyre & Spottiswoode Edited by Timothy McDermott. 1989.

651 p Prys: onbekend

Resensent: *J.H. van Wyk* (Dept. Dogmatologie, HTS/PU vir CHO)

Teologie in filosofiese gewaad of filosofie in 'n teologiese kleet? is die vraag wat iemand hom onwillekeurig afvra by die deurlees van hierdie *opus magnum* van Thomas. Die Bybel kom wel ter sprake (eintlik werklik eers vanaf bl. 511), Augustinus en ander teoloë ook, maar die aansluiting by Aristoteles is oorweldigend.

McDermott het 'n ontsaglike werk onderneem om die *Summa* tot een sesde te verkort en tot een boek te reduseer. Daarby het hy 'n waardevolle kritiese oorsig oor die *Summa* bygevoeg. Soos bekend, is die *Summa* nooit voltooi nie: Thomas het tot by die sakramentsleer gevorder toe hy op 49-jarige leeftyd oorlede is.

Dit is uiteraard slegs moontlik om oorsigtelik aan hierdie werk aandag te gee. Die werk is in drie hoofde verdeel, met talle onderafdelings. Die eerste deel handel oor God, met die volgende onderdele: dit wat God nié is nie, die bestaanswyse van God, die Triniteit, die skepping, die mens, die bestuur van die wêreld. Deel twee gee aandag aan die *reis na God*, met as onderdele: die menslike lewe as 'n reis na God, die goeie en slegte lewe, wet en genade, lewe met God (geloof, hoop en liefde), lewe in die wêreld (morele deugde), besondere lewensterreine. Die derde deel bespreek die *pad na God*, met verwysing na Jesus

Christus as God en mens, die lewe van Christus, lewe in Christus (sakramente). Die werk word afgesluit met 'n hele aantal waardevolle indekse.

Wie Thomas bestudeer, bevind hom in 'n ander en soms vreemde denkwêreld wat ver weg lê van byvoorbeeld Calvyn by wie die Skrif bron en norm is. Tog is dit noodsaaklik om van die denke van hierdie teologiese reus kennis te neem, veral ook omdat daar tans vanuit evangeliese hoek 'n herwaardering van Thomas plaasvind soos die jongste boek van Norman Geisler (*Thomas Aquinas*. Grand Rapids : Baker. 1991.) duidelik illustreer.

SMIT, E.J. 1991. *Jou God is Koning! 21 Skrifoorndenkings.*

Potchefstroom : Departement Sentrale Publikasies, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. 85 p. Prys: R9,33.

Resensent: *S.J. van der Walt* (Geref. Kerk Cachet, Potchefstroom)

Goeie lektuur wat as hulpmiddel leiding gee om die Bybel met beter begrip te kan lees, is 'n groot behoefte by jongmense. Met hierdie publikasie slaag die skrywer daarin om so 'n goeie hulpmiddel in die hand van die jeug te gee. Hy stel hom nie ten doel om 'n Bybelstudiegids daar te stel nie, maar stel dit duidelik dat die publikasie sy oorsprong te danke het aan 'n versoek van sy kinders wat graag iets stigteliks wou hê om te lees naas hulle gewone 'formele' Bybelstudie.

In die publikasie word 21 Skrifgedeeltes uit sowel die Ou as die Nuwe Testament met goeie eksegetiese begroning verklaar. Die keuse van Skrifgedeeltes bied 'n verteenwoordigende verskeidenheid bekende en minder bekende gedeeltes in die Bybel. Die opskrifte is goed geformuleer en prikkel jou nuuskierigheid om die verklaring te lees.

Die Skrifoorndenkings is in 'n eenvoudige geselstrant geskrywe en die lengte daarvan handhaaf 'n goeie balans tussen pitkos met diepgang en uitvoerige analise. Waar nodig, word treffende beeldspraak gebruik en in elke gedeelte is daar 'n sinvolle toepassing op die leefwêreld van die jongmens. Oor die algemeen is die formulering en taalgebruik eenvoudig en verstaanbaar. Daar is wel enkele moeiliker uitdrukkings wat eenvoudiger omskryf kon word, soos: "gemassafiseerde samelewing" (9); "esoteriese verlange" (18); "provokasie" (38) en "triestheid" (54).

Die publikasie behoort met entoesiasme deur jongmense ontvang te word, maar kan ook vir ouderlinge met huisbesoek en vir openingsgeleenthede deur onderwysers in die skool baie nuttig wees.

DU PREEZ, J. 1992. Eschatology and Ecology: Perspectives from the Book of Revelation. Pretoria : UP/ISWEN. 32 p Prys: R10.

Resensent: *J.H. van Wyk* (Dept. Dogmatologie, HTS/PU vir CHO)

In hierdie publikasie gee Du Preez aandag aan die ekologiese vraagstuk vanuit die perspektief van die boek Openbaring en hy open verrassende vergesigte. Die ekologiese krisis vra al hoe meer aandag en roep (tereg) steeds meer teologiese besinning wakker. Dit bly ontstellend om te dink dat daar al 3000 ton afval rondom die aarde sweef (10). Tereg vestig hy die aandag op die aspekte van *kontinuiteit* (die mens werk mee aan en rig selfs tekens op van die komende koninkryk) en *diskontinuiteit* (die koms van die nuwe aarde bly uiteindelik die werk van God) (6-8, 20).

Du Preez trek ook 'n aantal ekologiese implikasies vir die kerk se sendingwerk en wys dan onder andere op die volgende: die noodsaak van 'n teosentriese wêreldbeeld, die boodskap van die vier lewendende wesens, die boodskap van die bome en waterfonteine, die stede en die see. Mens en omgewing staan in 'n onlosmaaklike verband; skepping en skepsel moet uiteindelik saam die lof van die Skepper besing.

Die skrywer eindig met die (liturgiese) vraag:

Lastly, should we not make far better use of flower arrangements, permanent evergreen shrubs and even small trees, arranged at suitable places in the church, as nature's reminders of God's eternal tree(s) of life in the celestial garden-city on a renewed earth? (20).

'n Handige literatuurlys word ingesluit.

'n Waardige publikasie wat ons verder bring.

SMITH, THYS red. 1992. Genade vir die nederiges. 'n Preekbundel.
Kaapstad Lux Verbi. 93 p Prys: R26,40 (sagteband).

Resensent: *Koos van Rooy* (Dept. Ou Testament, HTS/PU vir CHO)

Hierdie bundel bevat preke wat gelewer is in die N.G. gemeente Stellenbosch-Welgelegen. As preekstof vir predikante is dié bundel waardevol, aangesien hulle oor die algemeen van indringende eksegetiese studie getuig. Ook is die preke pittig en kort, wat hulle boeiende leesstof vir gelowiges maak.

Uitstaande is nr. 3 (“n Lied vir die Paasfees”) van ds. Theunis Botha, en veral nr. 14 van prof. Willie Jonker, wat werklik van profetiese insig getuig. Laasgenoemde alleen sou dit die moeite werd maak om die bundel aan te skaf. Verdere preke wat opval, is nommers 1 (“Genade vir die nederiges”, van dr. Thys Smith), 6 (“Ons het bekering nodig”, van ds. Leon Fouché), 10 (“Godsdiens in die woestyn”, van dr. Ben du Toit) en 11 (“Soos ’n arend sy nes opwek ...”, van prof. Pieter Coertzen). Hierdie preke kan van harte aanbeveel word as leespreke in die erediens.

Sommige preke is ietwat lesingagtig, soos nr. 13 van ds. Jurgens Hendriks (“Só werk die kerk”). ’n Enkele preek is ’n bietjie wydlopieg en mis konsentrasie, soos nr. 9 van dr. Ben du Toit (“Boewe in die kerk”) en ’n enkele, soos nr. 4, is eksegeties ietwat aan die skraal kant. In nr. 7 (“In Christus ... ’n nuwe gesindheid”) het ek gevoel dat die prediking oor die Gees nie tot sy reg kom nie. My grootste beswaar is egter teen preke soos nrs. 2, 5, 8, 12, 15 en 16 waarin die Christusverkondiging nie genoegsaam tot sy reg kom nie. Ek beskou derhalwe hierdie laaste ses preke as minder geskik vir voorleesdoeleindes.

Boekaankondigings

- Smit, Dirkie. 1994. **Wat sien ons in die spieël?** Kaapstad : Lux Verbi. 112 p. Prys R33,50. ISBN 086997 466 1.
- König, Adrio. 1994. **Liefde laat jou blom!** Kaapstad : Lux Verbi. 88 p. Prys R23,95. ISBN 086997 465 3.
- Helberg, J.L. 1994. **Die boek Daniël.** Kaapstad : NG Kerk-Uitgewers. 136 p. Prys R53,00. ISBN 086991 583 5.
- D’ Assonville V.E. 1994. **Dit is Totius: J.D. du Toit 1877-1953.** Lynnwood-rif : Marnix. 284 p. Prys R75.
- König, Adrio. 1993. **Menslike mense. Gelowig nagedink deel 5: Oor die mens en die sonde in die praktyk.** Halfway House : Orion. 284 p. Prys R41,50. ISBN 0798706 201.
- Van Genderen, J. 1994. **De nieuwe hemel en de nieuwe aarde.** Kampen : Kok. 69 p. 19.50 f. ISBN 90-242-8291-8.
- Strauss, Piet. 1994. **Gelofte dag in die “nuwe” Suid-Afrika.** Bloemfontein : Druforma. 66 p. Prys R12,00. ISBN 186804 141 7.
- Vos, Cas & Müller, Julian. 1994. **Menswaardig.** Midrand : Orion. 237 p. Prys R69,95. ISBN 0 7987 0622 8.